At van Wyk

# Die **Roem** en die rou

Stories agter Honoris Crux

Hoofstuk 4

# Operasie Savannah tot 10 Maart 1976

## 1. Brug 14 en pynappels

Lourens Marthinus Janse van Vuuren

Om watter rede Brug 14 oor die Nihiarivier, smal en diep en sterk, op die teerpad duskant Quibala ook al aan sy naam kom, hy is, heel of flenters, die sleutel tot die geallieerdes (SAW, Unita en FNLA) se opmars na die noorde. Party sê 14 dui op die afstand tussen die Nek in die suide en die brug; ander glo die pad wat net duskant die Nek links na Condé uitdraai, is 14 km van die dorp Cassamba af wat net noord en anderkant die brug lê; nog ander beweer die afstand tussen die Nek en die brug is maar sewe km. Die getal het ook niks te doen met die aantal brûe wat oorgesteek, verniel en/of herstel is nie.

Hoe ook al, Brug 14 is 'n karakter; 'n onverbonde grenswag wat jou laat vassteek en dink en wie se aanvallers weerskante van en om hom val, soos in die gevegte om sy besit vertel word. 'n Gedramatiseerde TV-weergawe van die skietery skroei in die gemoedere van mense wie se geliefdes en vriende in die vreemde sneuwel of

seëvier. En die SAW maak 'n studie daarvan: "Gevallestudie Brug 14: 12 Desember 1975".[1]

In die kritiekste stadium van die stryd besluit die Staatsveiligheidsraad in beginsel die SAW moet hom onttrek, want die oogmerk is bereik: die tradisionele Unitagebied is herower en in Unita se besit.[2] Maar uit 'n militêre oogpunt moet die vyand eers verdryf word om sy insypeling, omvleueling en kwelvuur op 'n end te bring, daarom moet Brug 14 verower word.

In die proses word die Honoris Crux verwerf. Sers. FG Wannenburg verwerf die HC Silwer nadoods vir wat hy die nag van 7 Desember 1975 doen, toe sers.maj. JL Conradie ook syne verdien. Genietroep 2de lt. Ted Steward Fountain verdien syne vir die herbou van Brug 14 met bloekompale nadat dit op 12 Desember verower word in dalk die kwaaiste artillerie-aanval van die SAW tot op daardie dag. Die verowering geskied sonder ongeval, maar aan vyandskant val goed 300 man. (Kyk bl.'e 80, 81).

Ted Fountain herbou die brug en op 13 en 14 Desember word dit versterk vir die oorgang van die Eland-pantserkarre en artillerie.

Lourens Marthinus Janse van Vuuren sit vroegoggend en toekyk hoe die eerste vyf pantsers wieg-wieg op die herstelde brug die oorkant haal en kort daarna begin skiet. Dan is dit sy beurt, met as opdrag om by Hans Heinze te gaan oorvat, want daar word hard en vinnig geskiet.

Hy en nog twee pantsers wieg oor, storm padlangs voort, want langsaan is dit moddernat, en vat oor by Heinze, wat 'n aantal teikens uitwys wat hulle bestook; dan vorentoe. 'n Entjie verder berig kapt. Anton Fourie per radio van agter af: "Daar kom Kubane met tenks padlangs van voor af. Gaan kry hulle!"

"Ons is toe op 'n vlakte, en vir 'n pantser verkies jy hoë grond. Ek stuur my ander twee karre vooruit na die koppe, en ek hou agter skoon. Ons kom in 'n strook met bosse tot teenaan die pad, en hier

1 In skrywer se besit.

2 Spies, *Operasie Savannah*, 201.

skiet die vyandelike infanterie altwee my Browningmasjiengewere stukkend, die een binne-in en die een op die dak.

"Ek sien 'n Russiese lorrie van agter af kom en neem aan dis een van 'n paar wat ons kort tevore afgevat het en wat ons Tegniese Dienskorps, die Tiffies, gebruik. Ek sê vir kapt. Fourie, en hy sê dit kan nie Tiffies wees nie, ek moet oppas."

Dan moet dit Kubane wees.

"'Stop!' beveel ek my karre en sê hulle moet my dophou, en die torings nie heeltemal terugdraai nie, want dan sien die Kubane dit en hol weg. Ek sê vir hulle, as die Kubane moeilik raak, moet hulle skiet. Die lorrie kom tot by ons en flikker dat hy wil verbygaan. Waarom skiet hulle nie? Ons kar het 'n rooi hoenderhaan en 'n 'Viva, Unita!'

"Maar hulle kom tot langs ons, 'n bakvol Kubane. Een speel kitaar; 'n ander gee vir my die vredesteken, wat ek beantwoord; maar 'n derde rig sy AK47 op my.

"'Vuur!' skree ek vir my kanonnier, Schalk Kotzé, en hy skiet. 'n Slag en rook, en daar staan net die skewe onderstel van die lorrie. Hoeveel Kubane dood is, weet ek nie."

Snaaks, hierdie gedrag van die Kubane, maar Van Vuuren druk aan, want hul ammunisie is skraps. Hy vra 'n aflos oor die radio, en Fourie sê André Freyer is op pad.

"Ek stuur my ander karre weerskante van die koppe en ek vat die grondpaadjie links voor, hiersó, waar 'n groot land vol ryp pynappels is. Ek kom by 'n plaashuis en daar staan 'n Land Rover met twee 500 liter-konkas brandstof en 'n klomp kiste AK47-ammunisie. Sy neus staan só in die lug van die vrag."

Hy wil die Land Rover as ryding vat, maar daar oorkant is 20 Kubane wat hy eers wil bykom. Die pantser se 90-mm-kanon is in posisie, maar die sneller weier soms, daarom stamp hy die bom self in die kanon. Die skoot klap, en hy krul van die pyn — sy regterwysvinger is deur die sluitstuk verflenter.

Maar die Kubane is platgetrek, en nou't hulle nog net een skoot oor — al kar wat nog kan skiet.





Die spanleier van een van
hom daar kom infanterie padla
moet Kubane wees wat die Lar
blaker hulle die Land Rover n

Nou's hulle in die knyp, w
skiet, 'n elektriese fout het die
oor die 2 000 revolusies loop,
die grondpad om aandag van

"Ons ry terug, en dit is toe
rondom ons daar in die pynap
kom só naby, ek kan die kleu

"Twee spring agter op ons l

Roeschner sien dit, ry nad
wapen van ons kar af.

"Ek wonder nog wat om te
my Corns, my dat ek 'n pistoo
seer, dus vat ek dit links.

"Ek laat Schalk Kotzé die
links van my oop en skiet met d
Die ander bly bondel om die k
ek sewe dood, nou met my see

"Elf dood, en ons ammunis
in die pynappelland op ons lê
ry ons reg op hom af. Op die n
ons träp hom. 'n Ander een sp
lê daar dertien. Snaakse gedrag

Hulle ry terug, kry die twee
en word deur André Freyer en
die dokter sy vingernael, werk
met kapt. Fourie na die pynap
vreemde gedrag opgeklaar: hul
sekerlik in 'n beswyming.

Vir Lourens Marthinus Janse

Die spanleier van een van die ander karre, Roeschner, waarsku hom daar kom infanterie padlangs aangemars. Van Vuuren besluit dit moet Kubane wees wat die Land Rover en ammunisie kom haal. Toe blaker hulle die Land Rover met hul laaste skoot aan die brand.

Nou's hulle in die knyp, want hul pantserkar se wiele is papgeskiet, 'n elektriese fout het die batterye laat afloop en die enjin moet oor die 2 000 revolusies loop, anders vrek hy. Dus ry hulle terug op die grondpad om aandag van hul ander karre af te lei.

"Ons ry terug, en dit is toe Kubane, omtrent twintig. Hulle storm rondom ons daar in die pynappelland en skiet met hul AK's. Party kom só naby, ek kan die kleur van hul oë sien.

"Twee spring agter op ons kar en kan die petroltenk brandsteek.

Roeschner sien dit, ry nader en skiet hulle met sy persoonlike wapen van ons kar af.

"Ek wonder nog wat om te doen, toe herinner my drywer, Tommy Corns, my dat ek 'n pistool het. Ek gryp dit, maar my vinger is seer, dus vat ek dit links.

"Ek laat Schalk Kotzé die toring draai, maak die pistoolpoort links van my oop en skiet met die eerste magasyn vier Kubane dood. Die ander bly bondel om die kar en met die volgende magasyn skiet ek sewe dood, nou met my seer regterhand.

"Elf dood, en ons ammunisie is op, met 'n Kubaan wat voor ons in die pynappelland op ons lê en skiet. Tommy vra en ek sê ja, toe ry ons reg op hom af. Op die nippertjie probeer hy wegspring, maar ons tráp hom. 'n Ander een spring op, en ons ry bo-oor hom.Nou lê daar dertien. Snaakse gedrag van hierdie Kubane!"

Hulle ry terug, kry die twee ander pantserkarre in die teerpad en word deur André Freyer en sy troep afgelos. By die basis trek die dokter sy vingernael, werk die gat toe en teen sononder ry hy met kapt. Fourie na die pynappelland. Dáár word die Kubane se vreemde gedrag opgeklaar: hul sakke is propvol dagga, en hulle was sekerlik in 'n beswyming.

Vir Lourens Marthinus Janse van Vuuren wag die Honoris Crux.

— — — — —




'n Weermagvoorstelling van Brug 14 en omgewing met dié se verowering in Desember 1975.








'n Weermagskets van Brug 14 en omg




'n Weermagskets van Brug 14 en omgewing op 12 Desember 1975.




LM Janse van Vuuren raak in Desember 1975 in 'n geveg met Kubane betrokke in 'n pynappelland noord van Brug 14.

In *Die Huisgenoot*, 21 Mei 1976, onder die opskrif "Ná elf dae ... oorwinning" skryf Koos van der Merwe:

> 'n Pynappelland in Slapstick ['n berg] se rigting waaruit die vyand verjaag is, het dubbeld sy beloning vir die moeite gelewer. Daardie pynappelland, getuig Fritz Thirion, het 'n vars geur na hul eettafel gebring en die manne het soos konings gelewe.
>
> Weke lank was pynappels selde van die spyskaart af, rou, gebak, gekook, gestowe, saam met vark, as poeding, vrugteslaai. Die wat wil agterkom watter geheimenisse uit 'n pynappel getoor kan word, vra gerus vir Anton Fourie. As een sal weet, is dit hy, wat omtrent al die moontlikhede beproef het.
>
> Van kos gepraat, dis 'n ware storie wat vertel word van kommandant Joffel van der Westhuizen wat in daardie dae na verandering van spys gesoek het, toe 'n hoender oor die pad loop. Mes in die hand is hy agter die hoender aan. Hy en die hoender, hy en die hoender, totdat hy uit radeloosheid die hoender met die mes gooi — raak!
>
> Daar lê die hoender, mes in die stuitjie. Toe hy dit sien, kon kommandant Van der Westhuizen dit nie oor sy hart kry om aan slag te dink nie. Hy het die hoender verpleeg en aangeneem.
>
> So het Katrien die pot vrygespring om die kanonniers se gelukbringer te word, so mak dat dit later uit die manne se hand geëet het.

Soveel mense as wat aan die slag van Brug Veertien deelgeneem het, soveel verhale kan vertel word. Tragies, amusant of heldhaftig.